SKOOLDRAG EN ALGEMENE VOORKOMS

SKOOLDRAG VIR SEUNS:

	GRAAD 8 - 11		MATRIEKS	
	Somer (September tot einde April)	Winter (Mei tot Augustus)	Somer (September tot einde April)	Winter (Mei tot Augustus)
Kleurbaadjie	Opsioneel, met das by wit boordjiehemp.	Verpligtend, met das by wit boordjiehemp.	Opsioneel, met matriekdas by wit boordjiehemp met skoolwapen op hempsak.	Verpligtend, met matriekdas by wit boordjiehemp met skoolwapen op hempsak.
Hemp	Wit kortmou boordjiehemp (ingesteek in broek) met das.	Wit langmou boordjiehemp (ingesteek in broek) met das.	Wit kortmou boordjiehemp met skoolwapen op sak (ingesteek in broek) met matriekdas.	Wit langmou boordjiehemp (ingesteek in broek) met matriekdas.
Das	Das by boordjiehemp verpligtend.	Das en baadjie verpligtend.	Matriekdas en boordjiehemp verpligtend. (Das met wit strepe.)	Matriekdas en baadjie verpligtend. (Das met wit strepe.)
Broek	Gladde grys poliëster kortbroek met rek in die band **of** langbroek met gordel. Langbroek se pype moet die skoenveterknoop bedek. Broek mag nie afgewerk word nie en die soom mag by die synate nie geskeur wees nie.			
Gordel	Slegs grys of swart, nie breër as 3cm nie. Geen dekoratiewe gordels nie. Matriekgordel (groen, wit en geel strepe) – slegs vir matrieks; by die klerewinkel beskikbaar.			
Kouse	Spesiale bottelgroen skoolkouse (onder die knie) by kortbroek; Langbroek met grys- of bottelgroen kouse.			
Skoene	Swart toeryg skoolskoene: geen skoene met gespes, dik sole of hoë hakke nie. Hak mag maksimum 2,5 cm hoog wees.			
Trui	Groen langmou skooltrui of oortrektrui.	Dra met baadjie.	Groen skooltrui - langmou of oortrektrui of wit oortrektrui.	Dra met baadjie.
Serp	Geen.	Groen met wit- en ougoud strepe.	Geen.	Wit met groen- en ougoud strepe.

SKOOLDRAG VIR MEISIES:

	GRAAD 8 - 11		MATRIEKS	
	Somer (September tot einde April)	Winter (Mei tot Augustus)	Somer (September tot einde April)	Winter (Mei tot Augustus)
Kleurbaadjie	Opsioneel, met das by wit boordjiehemp.	Verpligtend, met das by wit boordjiehemp.	Opsioneel, met matriekdas by wit boordjiehemp met skoolwapen op hempsak.	Verpligtend, met matriekdas by wit boordjiehemp met skoolwapen op hempsak.
Hemp	Wit kortmou boordjiehemp (ingesteek in romp) met das.	Wit langmou boordjiehemp (ingesteek in romp) met das.	Wit kortmou boordjiehemp met skoolwapen op sak (ingesteek in romp) met matriekdas.	Wit langmou boordjiehemp (ingesteek in romp) met matriekdas.
Das	Das by boordjiehemp verpligtend.	Das en baadjie verpligtend.	Matriekdas en boordjiehemp verpligtend. (Das met wit strepe.)	Matriekdas en baadjie verpligtend. (Das met wit strepe.)
Romp	Grys 6-baan verstelbare romp. As op knieë gestaan word, moet soom 12cm van die vloer af gemeet word. (‘n Grys langbroek as alternatief, slegs met wintersdrag en ’n baadjie.)			
Gordel	Slegs grys of swart, nie breër as 3cm nie. Geen dekoratiewe gordels nie. Matriekgordel (groen, wit en geel strepe) – slegs vir matrieks; by die klerewinkel beskikbaar.			
Skoene	Swart skoolskoene of swart oprygskoolskoene, geen stewels of skoen met gespes, dik sole of hoë hakke nie. Hak mag maksimum 2,5cm hoog wees. Geen ander modeskoene nie.			
Trui	Groen langmou skooltrui of oortrektrui.	Dra met baadjie.	Groen skooltrui - langmou of oortrektrui of wit oortrektrui.	Dra met baadjie.
Serp	Geen.	Groen met wit- en ougoud strepe.	Geen.	Wit met groen- en ougoud strepe.
Kouse	Bottelgroen kniekouse of kort, groen skoolkouse.	Bottelgroen kniekouse of groen broekiekouse.	Wit, kort skoolkouse.	Bottelgroen kniekouse of groen broekiekouse.

HAARSTYLE EN JUWELIERSWARE

SEUNS	MEISIES
Die tradisionele reël in hoërskole is dat seuns se hare KORT en NETJIES moet wees. Geen afwykende haarstyle is aanvaarbaar nie. Die skool beskik oor die reg om te besluit wat kort en wat netjies is. Die volgende algemene riglyne kan gevolg word: • Hare moet skoon, netjies en gekam wees. • Hare mag nie laer as ‘n vingerbreedte bokant die wenkbroue hang as dit vorentoe gekam word nie. • Wanneer die kop regop gehou word, mag die nekhare nie nader as ‘n vingerbreedte bokant die kraag hang nie. • Wanneer hare regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie. • Seuns mag nie hul hare van onder af opwaarts kam nie, of dit in enige styl dra wat veroorsaak dat dit gepunt van die kop wegstaan nie. • Hare mag nie gevleg of in “dreadlocks” wees nie. • ‘n Bakkebaard mag nie laer as die middel van die oor strek en mag ook nie krul weens die lengte daarvan nie. • Hare mag nie gekleur word nie; “highlights” is nie toelaatbaar nie. • Geen “step” of “undercut” word toegelaat nie. • Die gebruik van haarjel of soortgelyke produkte is ontoelaatbaar. • Skeer gereeld - geen baard, snor of wangbaard word toegelaat nie. • ’n Polshorlosie word toegelaat. • Geen ander juwele word toegelaat nie.	Hare moet ‘n algemene netjiese indruk skep. Dit behels dat lang hare (d.w.s. hare wat oor die kraag hang) met groen/wit/swart rekkies of groen/wit haarlinte vasgemaak moet word.(Maksimumbreedte van haarlinte: 2.5cm.) • Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie, anders moet dit teruggebind word. • Permanente golwings word toegelaat, maar dit moet versorgd voorkom. • Vasgebinde hare moet alle hare, asook nekhare, insluit. • Die gebruik van haarjel of soortgelyke produkte is ontoelaatbaar. • Lang “stertjies” in die nek word nie toegelaat nie. Die neklyn moet gelyk wees. • Slegs wit, groen of haarkleurige kammetjies mag gebruik word. • “Highlights” word nie toegelaat nie. Hare wat gekleur is, moet die natuurlike haarkleur wees. • ’n Onnatuurlike haarkleur is ontoelaatbaar. • ‘n Polshorlosie, seëlring en een paar oorkrabbertjies word toegelaat. D.w.s geen sierhorlosies, vingerringe, vingerhorlosies, hangertjies of kettinkies word toegelaat nie. Oorkrabbertjies word alleenlik in die onderste gaatjie van die oorlel toegelaat. • Oorringetjies moet die kleinste tipe wees en alle oorkrabbertjies mag slegs goud of silwer wees. • Naels moet kort en netjies wees. Slegs kleurlose naellak mag aangewend word. • Geen grimering by skool- of sportdrag nie. • Geen kopbande by skool- of sportdrag nie.

Geleenthede | Ontwikkeling | Prestasie

Hoërskool Die Wilgers

Posbus 72648, Lynnwoodrif, Pretoria, 0040
Frankweg 8, Die Wilgers, 0041 • 012 807 5229/30/31
hswilgers@hswilgers.co.za • www.hswilgers.co.za

26 Januarie 2023

Geagte Ouers/Voogde

Ons wil graag die jaar afskop met die kommunikasie van die skoolreëls wat op leerders van toepassing is. Die oortreding van skoolrëels maak inbreuk op akademiese onderrigtyd.

Daar word van leerders verwag om die volledige skooluniform, soos voorgeskryf deur die Beheerliggaam, te dra.

Die doel van dissipline binne die skool is juis om te verseker dat leerders en opvoeders doeltreffend en doelmatig tot die doelwitte van die skool bydra.

Ouers/voogde en leerders moet deeglik kennis neem van die skoolreëls en die personeel se hande sterk maak deur dit getrou na te kom.

Geen verdraagsaamheid (“zero tolerance”) sal teen die oortreding van algemene skoolreëls getoon word nie.

Vind aangeheg die koderingstelsel (WD 3 en WD 4) van die skool. Die oortredings is volgens ernstigheid in kategorieë ingedeel. Die volgende oortredings kom meer algemeen voor en ouers en voogde moet ons ondersteun om dit hok te slaan. Merk asb. in die kolom dat u kennis neem van hierdie spesifieke oortredings waarvan hier melding gemaak word en kommunikeer met u kind dat dit nie geduld gaan word nie.

OORTREDINGS	✓
Laat vir klas	
Rondloop in klaskamer sonder toestemming	
Praat in klasse sonder die opsteek van hande	
Maak geluide in klaskamer of fluit in klaskamer	
Disrespek wanneer aangespreek of mee gepraat word	
Eet of drink in klaskamer	
Rommelstrooi op die skoolterrein	
Klasse ontduik	
Rondloop op die terrein sonder toestemming	
Huiswerk nie gedoen nie	
Gebruik van selfone in klaskamers	
Gebruik van oorfone by die skool	
Laat vir skool	
Geen bakleiery of afknouery word by die skool toegelaat nie	
Afgewerkte langbroeke of rompe (Nie toestemming om skooldrag te verander nie.)	
Dra van sweetpakbaadjies	
Vape of rook	
Na skool in gebou op die stoepe/trappe (Slegs toelaatbaar vir intervensieklasse)	

Indien leerders hulle skuldig maak aan ernstige Kategorie E-oortredings, loop hulle die gevaar van ’n **uitsetting van tot 5 skooldae** sodat die ouers/voogde tuis hulle kan dissiplineer en die erns van die oortreding kan aanspreek. Vandalisme, in besit wees of die gebruik van verbode middele, rook/vape, bakleiery en afknouery is oortredings wat uitsetting vir ’n paar dae kan behels. Dissiplinêre verhore word in ernstige gevalle deur die Beheerliggaam hanteer. Die doel van ’n dissiplinêre verhoor is om verkeerde optrede reg te stel en nie noodwendig net om te straf nie. Die skool wil graag die leerders beskerm teen verkeerde keuses en onderrig om reëls te gehoorsaam en na te kom.

Die skool gaan hierdie jaar ook fokus op die positiewe gedrag en deelname van leerders. Die nodige kodering hiervoor is ook by WD 4 ingesluit.

Bestudeer die volledige stel skoolreëls soos aangeheg en stuur die voltooide tabel sowel as die voltooide skeurstrokie terug na die skool op Dinsdag, 31 Januarie 2023.

Baie dankie vir u positiewe gesindheid en samewerking.

Wilgie-groete

Mev. Ilza Louw
Hoof

Mnr. Anton Welken
Adjunkhoof: Dissipline

Hiermee erken ek ontvangs van die skooldrag en voorkomsreëls **asook** die dissiplinêre oortredings volgens kategorieë ingedeel. Ek neem ook kennis dat my kind ’n uitsetting van tot 5 dae in die oë staar indien hy/sy hul skuldig maak aan ernstige oortredings. Rook/vape is van die ernstige oortredings wat ander leerders verontrief in die badkamers en berokken ons skool se beeld groot skade – dit word nie geduld nie!

Ek onderneem om die reëls en koderingstelsel met my kind op te neem en te maan om verantwoordelik op te tree.

_____ _____

Ouer/Voog (Naam & van) Handtekening

_____ _____

Leerder (Naam & van) Handtekening

_____ _____

Datum Datum